

Nuut gesing in Afrikaans



Pieter Malherbe is leraar van die gemeente Witbank.

Daar is 'n hele paar liedere waarvan die Engelse teks net só mooi gevorm is dat 'n mens nie kan dink dat 'n vertaling dieselfde effek sal hê nie. Dit is dikwels baie moeilik om so 'n lied in Afrikaans te vertaal. 'n Mens wil graag die geestelike bedoeling van die lied behou en nie net die melodie gebruik om 'n totale nuwe lied in Afrikaans te skep nie. Indien jy so na as moontlik aan die strekking van die oorspronklike teks wil bly, is dit 'n fyn kuns om só te vertaal dat dit nie kunsmatig klink nie – jy wil graag woorde kies wat jy gebruik wanneer jy gewoonweg met iemand praat.

Johan Engelbrecht het dit baie goed reggekry met sy Afrikaanse vertaling van “Father God, I wonder” (Oorspronklike teks en musiek: Ian Smale). Die lied handel oor hoe God ons as sy kinders opneem in die geloofsfamilie en oor die sekuriteit wat dit bied. Die Afrikaanse teks bevat algemene spreektaal waarmee jonk en oud kan identifiseer (FLAM152: “Vader, Heer, ek buig my neer”. 2006).

“Bring Dank” (FLAM 156: Faani Engelbrecht en Jacques Louw se 2006 vertaling van “Give thanks” deur Henry Smith) is nóg 'n voorbeeld van 'n lied wat die essensie van die Engels behou, en tog eg Afrikaans klink. Dit stem tot diep nadenke oor die heiligheid en ewigheid van God, sy genade wat vir almal beskikbaar is en wat waarde gee aan mense wat dikwels in die samelewing misken word. 'n Mens kan die rustige

melodie oor en oor sing omdat die woorde jou help om los te kom van menslike norme van dankbaarheid. Jy kan God dank vir wat Hy doen op grond van Wie Hy is – nie vir wat Hy doen op grond van wie jy is nie.

'n Lied wat die behoefte aan seënbedes uitstekend aanvul, is Jacques Louw se vertaling (2008) van G Goodman se liriek nav Numeri 6:24-26 “The Lord bless and keep thee”. Deur die 1953-tekste te gebruik, laat die lied jou op 'n besondere wyse ervaar dat jy 'n Goddelike seën ontvang (VONKK 74).

Johan Engelbrecht se vertaling (2008) van Tim Hughes se “Here I am to worship” (Light of the World) slaag uitstekend daarin om 'n atmosfeer van verwondering te skep. Dit is nie 'n maklike lied om te vertaal nie – Afrikaanse ekwivalente vir die Engelse aanbiddingsterme is nie altyd so voor die hand liggend nie. Johan se liriek na aanleiding van Johannes 1:1-8 en 8:12 val maklik op die tong en gaan lê in jou hart (FLAM 246).

Jongmense, veral diegene wat nie 'n musikinstrument bespeel nie, moet

aangemoedig word om hulle hand aan die vertaling van Engelse liedere te waag – daar is altyd maats en volwassenes wat kan hand bysit om dit taalkundig en teologies mooi af te rond. Die talentvolle mense van FLAM en VONKK gee vriendelike raad wanneer hulle op gereelde basis nuwe liedere beoordeel.

Jy kan jou skaars voorstel hoe opgewonde my dogter was toe haar vertaling van Daniel Gardner se “My life is in You, Lord” aanvaar is (FLAM 89: “Ek leef binne U, Heer”).

Indien jou gemeente nog effens terugdeins vir die sing van Engelse liedere in die erediens, kan jy gerus liedere soos hierbo vermeld, gaan soek onder die mooi verskeidenheid wat FLAM en VONKK bied (www.flam.co.za of www.vonkk.co.za).

● FLAM en VONKK vorm deel van Bybel-Media se werk vir die kerk. Twee nuwe CD's met liedere van albei tipes musiek verskyn binnekort. Onthou dat jy moet registreer met 'n lisensie by die CCLI (soos met *Liedboek*) om die musiek te kan aflaai.

Kom, o Pinkstergees

Pieter Malherbe 2010

vul ons nou, maak ons ge-trou. Ver-vul ons nou, maak ons ge-trou.

Die leë graf

Hancke van Blerk

Hancke van Blerk

Am G Am G

Ma - ri - a, die vrou wat be - vry is huil een don-ker Son - dag mo - re, want die

9 Am G Am Am

graf waar sy staan is son-der klip, en son-der haar Heer. Twee hard - lo - pen-de dis-

18 G Am G Am G

si pels, die eng' - le in die graf en die tuin - op - sig-ter, so lyk Hy, kon haar

27 Am Am Em Am

tra-ne nie keer. Maar toe praat Hy. Hy roep haar

37 G C G Am G Am

troe - tel-naam. Dis toe dat sy haar Hoop her - ken en `n nu - we dag op-gaan

47 Am G Am

Ma - ri - a se ei - e Ra - boe-ni gee haar toe `n vreem - de

56 G Am G Am

op drag: Moet my nie vas-hou, daar's n wê-reld in nood wat wag.

65 Am Em Am G

So gaan na my broers en sus-ters ver - tel hul-le my graf is leeg. My

74 C G Am G Am Am

lyk is nie ge - steel nie - dis Ek wat hier rond, be - weeg Kom ook

Copyright © Hancke van Blerk



flam